

Tema: Gebed as gesprek tussen bondgenote

Skriflesing: Genesis 18

Kernteks: *“...en toe dink die Here: sal Ek vir Abraham wegsteek wat Ek wil doen? Abraham sal tog ’n groot en sterk nasie word en in hom sal al die nasies van die aarde geseën word. Ek het hom gekies dat hy sy kinders en sy nageslag kan beveel om op my pad te bly deur die doen wat goed en reg is, sodat Ek vir Abraham kan doen wat Ek hom beloof het.” (Gen. 18:17-19)*

“Abraham het toe nader gekom na die Here toe en gevra: ‘Sal U die regverdiges saam met die goddeloses vernietig’”(Gen. 18:23)

Uit die ontmoeting wat die Here met Abraham by die Mamre gehad het, kan ons baie leer van gebed as ’n gesprek tussen bondgenote.

1. Die Here neem die inisiatief as Verbondshoof

Hy bring die besoek aan Abraham (v 1).

Hy herhaal sy belofte van ’n seun vir Abraham en Sara (v 10)

Hy besluit om sy plan met Sodom en Gomorra aan Abraham bekend te maak (v 20)

Vers 17-19 gee vir ons “’n kykie agter die skerms”, die Here met Homself in gesprek. Die Heilige Gees wil hê dat ons wat die Woord lees moet weet dat Abraham tot gebed aangespoor is deur die voorneme van God.

Wat ons betref beteken dit dat dit wat die Vader aan ons as sy verbondsgenote in Christus openbaar, ons moet aanspoor tot gebed.

2. Die gelowige reageer met ’n passie vir die eer van God

Abraham se “gesprek” met die Here is ’n pragtige voorbeeld van ’n opregte, kinderlike, God-erende gebed. Hy maak van sy reg as verbondsgenoot gebruik. Hy is in die eerste plek gefokus op die Here (die Verbondshoof) se regverdigheid. Hy bevraagteken dit nie, maar ondersoek eerder die omvang daarvan. (Ons leer dieselfde ding uit die gesprek tussen die Here en Moses in Eksodus 33).

In die eerste drie bedes van die Onse Vader kry ons dieselfde passie vir die eer van God. Ons behoort meer vrymoedigheid as Abraham te hê, want die Verbond op grond waarvan ons tot Hom nader is bekragtig met die volmaakte offer van God se eie Seun.

3. Die gelowige pleit vir die redding van mense

Abraham se pleit by die Here kom ook daarop neer dat hy sy verbondsreg gebruik om vir die redding van mense te pleit. Al is dit so dat hy eerstens besorg is oor die “regverdiges” wat in Sodom en Gomorra woon, hou sy bede in dat die goddeloses ook gespaar kan word.

Abraham het iets begin beleef van wat dit beteken om vir al die nasies van die aarde tot ’n seën te wees, bloot deur by God vir die gelowiges in Sodom en Gomorra te pleit. Die Here verwag van hom om sy nageslag ook te leer om te doen wat goed en reg is. Sy nageslag het grotendeels misluk, behalwe vir Jesus Christus deur wie alle nasies nou geseën word. Laat ons dan in sy Naam vir hulle by die Vader pleit.

Wat kan ek doen om beter te bid?

Het jy ook al gewens jy kan tog net beter bid? Dalk sal die Here dan jou gebede beter verhoor? As hierdie ding jou pla, lees gerus hieronder hoe mooi *Tim Chester* in sy boek *The Message of Prayer* (2003 Intervarsity Press) die verband tussen gebed en evangelie beskryf.

“Here is the test of whether you have grasped the radical simplicity of the gospel. Do you think your prayers are more likely to be answered if you are living a more godly life or if you are fasting or if you bind demons in your prayer or if you pray for two hours rather than one hour? **If we are inclined to answer yes to any of these questions then we have not grasped the sufficiency of Christ’s mediatorial role.**” (p 59)

“Much of the devotional literature on prayer is focussed on those things that help us to pray – postures, exercises, liturgies, habits. But, while they may be helpful, none of them is necessary. **The focus of the Bible is instead on Christ and his sufficiency.** There is nothing we can do to make our prayers more effective before God. Any such notions are a return to paganism – it is to suppose that we can manipulate or placate God.” (p 59)

Iemand anders het dit so mooi gestel: Die vloer van God se troonkamer word nie besprinkel met die sweet van my goeie werke nie, maar is besprinkel met die bloed van Christus se lewensoffer. Pleit by God **alleen op grond van die versoening wat Hyself bewerk het** en jy sal nooit hoef te twyfel aan die verhooring van jou gebede nie. J S